"Biwott could have taken my land anytime," admits Fanie, "I honestly have no idea why he did not. I've met him a number of times, on a social level. He has always been pleasant. But," laughs Fanie, uncomfortably, like a schoolboy caught with his fingers in the pie, "Biwott has caused a few problems for me. Like the time the Kanu strongman landed his helicopter in front of Fanie's home.

"It was an emergency, his wife needed the loo", explains the farmer.

"But this really embarrassed me. The whole district saw this and said, 'Ah, Kruger is Biwott's big friend!' Fanie has suffered for the perception that he's a Kanu man.

"Soon after NARC came to power, I got a call saying, 'Sorry, you're no longer a member of the AFC [Agricultural Finance Corporation] board.' In the past, I got calls from Kanu guys saying, 'Congratulations, we've elected you as our member on the AFC board,' and I had not even stood for election! But how could I refuse the position? If I had, the Kanu guys would've taken it as a big insult and I would have lost everything. So I played the game."

Fanie emerges as the ultimate pragmatist, a white farmer willing to do anything to hold onto his piece of black Africa. "I am a supporter of AGIP, which is Any Government in Power," he says, without a hint of irony and only a slight sense of hu-

mour. "Farmers in Africa who believe they can do well these days without becoming involved in politics, well, they are living in a dream world."

We have to be politically aware, we have to make sure that the politicians are friends of agriculture. For this to be achieved, we have to be willing to pay the price."

Life is short here... but what a life!

Some mornings Fanie Kruger wakes up and says to himself, "To hell with it! Just what the hell am I doing here?" The compromises he's had to make, all the political game-play, the constant manoeuvring, the threats, Kenya's lack of infrastructure, "the sickening decimation" of wildlife around him, the "ignorant, do-gooder" non-governmental organisations dumping cheap wheat onto the market, sending his prices crashing - all of this, and more, has worn Fanie down.

### **Surely a point is reached when love withers, when the emotion the big farmer tries hard to hide, is out- weighed by practicalities?**

Why, then, does he stay? With all his talk of deep love for the country's western highlands, with its so-called best climate in the world, surely a point is reached when love withers, when the emotion the big farmer tries hard to hide, is outweighed by practicalities? "Maybe you're right," Fanie sighs suddenly weary. "But you know I can't leave the community. I also feel I have an obligation to Kenya. I mean, it's been hard in this country but life has also been good, and the government could've kicked me out anytime! They didn't. I am grateful."

In 2001, for the first time since he'd

left South Africa in 1975, Fanie returned to South Africa with his wife, Carol, his 15-year-old daughter, Crystal and his 13-year-old son, Jannie. "To be honest, I had written the place off" he exclaims. "But we loved it, really. A different country to what I remembered; everyone seemed to be getting along. I am sure there are places where racism still exists, but we didn't see any."

Fanie spits a hasty "Never!" in reply to a question of whether he'll ever consider farming in South Africa. But he says he wouldn't mind retiring in the Eastern Cape, specifically Grahamstown, "Man, I liked that place! So quiet, and near to Port Elizabeth, where you have these fantastic beaches." But, try as he might, Fanie can't pull himself away from Kenya. Not just yet, at least.

In the end it is fatalism, so common to the African psyche, that pervades his attitudes and seems to nourish his ability to endure. "I've always run this farm as if it's a year-to-year thing. You never know if you're gonna be here the next morning, let alone the next year. This is Africa; let's be honest. Life is short here. But what a life! Man, it must be boring farming in Europe, with all the rules and regulations."

Fanie's view on Zimbabwe. Fanie occasionally thinks about his fellow farmers down south. He's keen on coming forwards when venturing opinions, especially about the situation in Zimbabwe.

"What Mugabe has done to the white farmers is the most criminal thing on earth. That one single thing - telling the white farmers to get lost - has killed the country's complete economy. "But," says Fanie, "I don't think there was enough give on the side of the Zim farmers; they closed

themselves off from the black community; they didn't help black farmers. Most of them were selfish. Now, their bubble has burst - as harsh as that sounds." Fanie's views are based on a number of meetings with Zimbabwean farmers before all the trouble started in Zimbabwe.

At the Royal Show in England a few years ago, he met a large group of farmers from Zimbabwe. "They had this attitude that they were the mighty Zimbabweans and that nobody else knew anything. They really looked down on the African farmers, like they were rubbish. I found them very arrogant and extremely narrow minded - surely the effect of such attitudes can be seen in what's happening in Zim today?" Fanie challenges. "White farmers in Africa have made a big mistake by thinking that we're indispensable and that the 'savages' can't live without us. The African - white or black - is a survivor. But just think how much easier this survival will be if we all pull together," he says.

Fanie readily admits that what he calls the death of agriculture in Zimbabwe may well lead to a new life for Kenya's farmers. At the moment he's negotiating with 'big international companies' to consider large-scale tobacco and cotton farming in East Africa. "All these big guys have told us that they're finished with Zimbabwe. Pioneer Seeds has told me, 'that's the end; we'll never move back into Zimbabwe.' So, because of the farm takeovers, agriculture in Zimbabwe will never recover

fully. You will never get the multinationals to go back again, because by the time the country has sorted itself out, events will have overtaken circumstances. When the big companies go and establish themselves in other countries, they're not going to move back to Zimbabwe - that would be impractical; they'd lose too much money."

Fanie is hesitant to comment on the murders of white farmers in South Africa. "That would be arrogant of me; I am not a South African farmer, I am a Kenyan farmer, but I believe that a lot of these killings are revenge attacks - some blacks are taking revenge on whites for what happened in the past." Fanie's also sure that if most white farmers had chosen to stay in Kenya after it became independent, as his father did, they would have experienced a similar situation there. "But most of the whites chose to go, leaving the prime land to the blacks so there was less anger towards the whites here," he says.

"But where do the white farmers in South Africa go? They are mostly Afrikaners; they are white Africans; they have no ties to other countries. They are stuck. So they have to face the music."

**No matter how much he tries to gainsay it, Fanie Kruger is an Afrikaner *bittereinder*.**

Although there hasn't been a murder of a white farmer in Kenya since the days of the Mau Mau, Fanie's not taking any chances - an electric fence hum-

ming with evil energy surrounds his land and huge green reinforced steel gates seal the various entrances to his farm. Each guard-post is manned by a uniformed askari or security guard and bands of dour, alert men armed with clubs patrol his fields. This is how Fanie keeps theft to a minimum. "My philosophy on this farm is: why tempt fate?" Fanie whispers. "If somebody comes onto my land when it's dark, the first thing he's gonna know is the view straight down the barrel of my gun, just to get the message across."

A *bittereinder*? Maybe it's not quite appropriate to brand Fanie Kruger as the last Afrikaner farmer in Kenya. "I am one hundred percent Kenyan," he insists, time and again. He speaks Afri-

kaans with a heavy English accent, but his children can't speak a word of the language. South Africa, he maintains, is just a place where he studied 20 odd years ago, "I feel disconnected from the place," he says. Although he enjoys "the odd stuk boerewors," he has little regard for his Afrikaner heritage, even dismissing his trekker forebears as 'joiners' or traitors.

One would therefore be hesitant to describe this man as a *bittereinder*, a man who will hold out in the face of all odds in the best of Afrikaner tradition. Yet Fanie Kruger exudes all that's associated with the Boers of old - fortitude, resistance, stubbornness, the love of Africa and its soil. Fanie admits that he's had to

bend in a land where few white farmers remain, to do what it takes to "survive" - this is his favourite word.

Fanie will always be "the kaburu who did not run", according to mzee Joseph Tirop. Fanie remains "the last of the Dutch people," according to the congregation of the Africa Gospel Church at the end of the bleak, crumbling road near Eldoret town centre.

No matter how much he tries to gainsay it, Fanie Kruger is an Afrikaner *bittereinder*. "I am still here," he says, yet again, standing solid in the sun in his yellow-brown maize field, like his grandfather and father did before him, alone at the foot of the hill. His promised land. 



Image source: [https://wwwkiptoo.files.wordpress.com/2017/01/cropped-15697912\\_1478196208866823\\_6873417365750053123\\_n.jpg](https://wwwkiptoo.files.wordpress.com/2017/01/cropped-15697912_1478196208866823_6873417365750053123_n.jpg)

## **Wheat seeding on the Plateau**




Photo shared by Rina Helberg (née Mouton)

## VINGERHOED EN DIE ONTSTAAN VAN DIE KERKIE OP DIE PLAAS *ENIG* VAN DIE MOUTONS

In 1916 het 'n tienjarige Elgeyo seun op die plaas kom werk, bynaam Vingerhoed vanwee sy klein tengerige postuur en moeilike stamnaam.

Saam met Vingerhoed het die twaalfjarige Abie Mouton gespeel, gejag en ook harde plaaswerk verrig. In 1925 is Vingerhoed na 'n meer welvarende plaas, vanweë sy troukoorsverpligte.

Daar het herhaalde Malaria-aanvalle hom so laat uitteer en verswak, dat hy wou terugkeer, waar Abie hom toe self per motor gaan haal het.

Nieteenstaande Abie se gebede, boererate en beskikbare medisyne, het sy toestand byna krities versleg. Met hul jeugtyd se gesprekke het Vingerhoed reeds kennis gehad v d Almag van God en was bereid om saam met Abie om Sy hulp te vra.

So het die twee agter doringbossies gekniel en Abie het in Swahili vir hom gebid. Hy het geleidelik sterker geword en was na twee maande omtrent gesond.

Vanaf hierdie tyd het hy pad saam met die Here geloop, is op 5 Julie 1953 gedoop met Christen naam Josefu en was een vd eersre lidmate vd Bwana Loubser Sendingkerk.

Die oggend in Februarie 1962 voor die Moutons se vertrek na SA, het Chebore, een van die ander Christene op die plaas, asook Vingerhoed, op sy aandrang knielend saam met ons, voorgegaan in Swahili en gevra die Here moet saam met ons gaan. Van sy woorde was nog dat hy oupa Mouton belowe het om na Abie om te sien, wat hy gedoen het, maar nou vra hy die Here (Mungu) moet hom verder oppas.

Hy het 'n deel vd plaas met die familie begraafplaas omring deur sederbome gekry en volgens hom so bewaar in eerbied aan hulle wat die Here na hulle gebring het. ✎

Bush clearing on the Plateau



Photo shared by Rina Helberg (née Mouton)

## DR HENNIE PIETERSE

Deur Pieter Pieterse. 3 Sep 2019

**M**y pa, Hendrik Pieterse, het op Stellenbosch studeer. Hy het hier twee grade klaarge- maak, wat 5 jaar moes vat het hy in 3 jaar voltooi. Van sy vakke was Duits, waarmee hy toe vir die eerste keer kontak gemaak het. Min of meer in 1925 het hy sy studies voltooi. Hy het in Maart 1926 in Ngare Nanyuki begin skoolhou en per boot en trein gereis om daar the kom. Die reis was so ongeveer 30 dae.

Ek en Oubaas Malan (oud adjunk-minister van Landbou) het een dag saam met my Pa gekuier toe Pa vertel het hoe hy in Tanganika geland het.

Hy wou eers gaan skoolhou het in Argentinië onder die Afrikaners daar. By die Argentynse ambassade het hy egter glad nie tuis gevoel nie, maar kon ook nie werklik sê wat hom pla nie. Hy het hom omgedraai en by die Engelse ambassade 'n aansoek ingedien. Dit was suksesvol en so het hy in Tanganjika beland. Die wêreld sou 'n baie anderste plek gewees het as ons drie kinders 'n Spaanse aksent gehad het! Wat ook wonderlik uitgewerk het, is dat meer as 90 jaar later, daar nog dinge is waar my Pa se invloed deurskemer. Die Habari is een so 'n voorbeeld.

My pa sou nou 113 jaar oud gewees het as hy nog met ons was. 

## RONDOM KILIMINJARO

Deur Dr Hennie Pieterse.

**K**ilima is die Swahili woord vir berg en die mooi, by-passende oerwoord "njoro", later njaro, was die Masai benaming vir "gees". Die samestelling Kiliminjaro beteken gevvolglik "gees van die berg". Dit glo en vertel die Masai met wie ek deur die jare heen in verbinding was. Alle swart stamme in Oos-Afrika ken die word *Kiliminjaro* of hulle nou ook die berg gesien het al dan nie. Almal oor die wye wêreld wat naastenby iets weet, ken ook die beroemde naam.



**My pa, Hennie Pieterse,  
op Kilimanjaro se krater 5**

Vra my wie die Swahili volk werklik is en waar Swahililand presies afgebaken word, dan bly ek liever die antwoord skuldig behalwe om aan te dui dat 'n smal strook langs die kus van Oos Afrika hoofsaaklik aan hulle toegesê word. Maar die

wonder van hulle taal, tee-noor hulle smal strokies kusgebied, bestaan daarin dat dit oor die ganse Oos-Afrika en selfs baie verder versprei het, veral deur die Arabiere wat vir eeue as veroweraars hul langs die kus gevestig het en vandaar tot diep die binneiland in ivoor- en slawehandel bedrywe het. Oos-Afrika word bewoon deur 'n verskeidenheid groot stamme elkeen met sy eie taal en afsonderlike woongebied. Maar naas sy eie stamaal ken elke swartmens in die reël ook die musikale, algemene omgangstaal, Swahili. Dit is verbasend dat 'n mens ook Swahili hoor tot ver ander kant die grense van Oos-Afrika en selfs op afgeleë eilande. "Verdwaalde" enkelinge praat dit tot in Kaapstad.

Wat meer is, duisende witmense in Suid-Afrika ken Swahili goed of minder goed en kan buite ons grense oor die weg kom daarmee. 'n Goeie kenner van die Swahili persoon ontdek hom soms waar hy hom die minste verwag. As ek onseker voel, sê ek sommer so in die lug: "Rafiki, mi-mi na penda wewe." (Vriend, ek het jou lief/hou van jou) Tref dit, borrel die swarte dadelik van die vreugde en spraaksamheid. In London en Parys het ek met my



geradbraakte Swahili die mooi taal gepraat dat dit bars.

Nou, soos reeds gesê, die woord "Kilimanjaro" beteken "gees van die berg." Met 'n mooier en waardiger naam kon die hoogste berg in Afrika seker nooit vereer geword het nie. Baie mense het my al gevra: "Waarom bestyg jy herhaaldelik sulke hoë berge? Wat besiel bergklimmers om hulleself, koue en hoogte ten spyt, daar "doer" bo die wolke só te laat martel?" Sonder om bygelowig te wees, is my antwoord altyd: "Njarro roep my." En dan volg my wedervraag: "Waarom slaan die psalmis sy oë op na die berge? En waarom kom sy hulp van God uit die hoogte?" Ek kan maar net bely: Die ware bergklimmer word besiel met 'n

dryfkrug wat nie aards is nie. Die drang is nou net eenmaal in hom.

In die gryse verlede het Kiliminjaro twee magtige, aktiewe kraters gehad, en hulle was eens veel hoër as vandag, maar hulle interessante verlede kan nie nou hier ingepas word nie. Die twee kraterkruine, tans morsdood, heet Kibo en Mawenzi. Die Wadjagga, een van die landbouerstamme aan

die laer hange en voet van die kolossale berg, het natuurlik destyds nie sneeu geken of in die tropie daarvoor 'n woord besit nie. Hulle het toe maar die ewigsneeubedekte koepelkruin in sy helder "grysheid" vraend betrags en hom kortweg "wit" genoem. In hulle taal is wit "kibo". En so het Kibo sy naam

gekry. Mawenzi, die tweede kruin, wat veel hoër as Kibo was toe hulle nog aktief vuurwolke en sonhete lawa uitgeblaas het, het homself met gloeiende woede vernietig en ontplof en is vandag 'n oorblyfsel van 'n rotsagtige stuk kraterwal betreklik laer as Kibo. Omdat Mawenzi sy sneeublad na sneeustorms nie kon behou nie, weens sy donker, loodregte wande, het die Wadjagga hom, in teenstelling met wit, sommer net swart genoem. In hulle taal is swart "mawenzi" en so het die angs-wekkende, naakte stuk kraterwal sy naam Mawenzi gekry.

Die Masai was deur die eue genadelose heersers van die vlaktes en het die plaaslike swart stamme om Kilimanjaro en Meru teen die hange van hierdie twee hoë berge in die bosse vasgepen. Die stryd-

**Peters hut 1927**



lustige Masai moeranis het die "veragte" landbouers met die skerpste van hulle gevreesde assegaaie uit die vlaktes geweer en verwilder. Dit geld vir alle indringers van waar ookal. Ten einde hulle manlikheid te toon, het die Masai moeranis bloedige strooptogte uitgevoer teen al wat leef en adem heef, insluitende die eerste Europeane, sowel as die Masai se ewe bloed-dorstige viand, die leeu-troppe wat hulle nie deur die tweebene laat intimideer het nie.

Dis insiggewend om te ondek hoe baie fonteine, spruite en selfs riviere, hoog teen die landbousoom van die oerwoud, vandag nog met beskrywende Masai name vereer word, al is die Masai, veral sedert die koms van die Europeërs en hulle regerings, sowat 'n eeu gelede beperk tot die veeteeltvlaktes. Daar was tog tye, hoofsaaklik gedurende verwoestende droogtes, dat die Masai, ter wille van hulle verswakte veetroppe, die


bergbewoners se gebiede keer op keer opnuut binnegedring het ten einde hulle reg op hulle oeroue suipings te handhaaf. Kom die reëns dan weer en die vlaktes word opnuut groen, trek die Masai, wat geen landbouer of arbeider is of ooit wil word nie, terug na sy geliefde vlaktes om as beweeglike nomade met sy vee agter water en groen weiding aan te verskuiwe, nes die wild dit doen. Vir sy gerief in sy hutte of daarbuite prakseer hy geen katel of bank of tafel nie. Hy maak geen rak of stoel nie. Hy koop ook geen meubels hoegenaamd nie, want hy begeer dit nie. Sy transportgeriewe strek nie verder as sy vrou se kop of haar sterk nek en skouers nie. Wat te veel en te swaar word vir die vroue om te vervoer, word op donkies gelaai waarvan elke kraal meer as genoeg besit. Toe ek hulle nog besoek het, het hulle geen motors, motorfietse of selfs gewone fietse besit nie. Wel het hulle begin gebruik maak van ander man se transportbusse en dit volgepak dat die Afrikaanse spreekwoord gebore is, "so vol soos 'n Masai bus maar altyd nog plek vir een".

Die Masai is in die reel bruin, en sy velkleur word versterk met die rooi-erige klei waarmee hy sy liggaam smeer en verfraai. Jeugdige Masai skoonhede besit 'n besondere aan-

## Die tas waar almal moes teken, 1927



valigheid sowel as 'n vroulike bou en frisheid wat onwillekerig herinner aan die terugvoer na die vorstelik skoonhede van 'n Farao of Egiptiese priesterlike bloed of adelgeslag. Trouens, die Masai glo vas dat hulle voorvaders deur Egipte suidwaarts beweeg het. Moontlik het hulle ook as veeboere in 'n Egiptiese land "Goosen" vertoeuf, weg van die Nyl se landbouers af, wat deur hulle verag is. Dis vandag nog die geval. Deur die vergange, gryse eue het die nomadiese Masai stil en sorg-loos met sy veetroppe suid-



Klimmer by die ys



**Op 'n saal van die berg**

waarts beweeg totdat hy in die ideale, droë vlaktes van Oos-Afrika tot stilstand gekom en wyd daaroor versprei het. Ek sê ideale, droë vlaktes, want die besondere gebied het hom sy identiteit help behou. In teenstelling met ander volke wat gekom en verdwyn het, het die Masai sy voorvaderlike godsdiens, kultuur, tradisies en karakter ongeskonde bewaar.

Sover ek kan oordeel, leef en bestaan die Masai in sy geslotenheid buite die invloedsfeer van beskawings waaraan hy geen trek het nie. Wat meer is, Masailand is syne en geen ander ras kan daar 'n bestaan voer nie. Hy word dus nie bedreig nie! Die drang om fisies verder te vlug ter wille van selfbehoud bestaan dus nie in die Masai se geval nie. Kennelik sorg Engaï vir hom.

In die oë van die Masai is Njaro 'n goeie gees wat Kilimanjaro vereer met sy heilsame maar onsienlike teenwoordigheid. Desondanks inspireer Njaro die Masai nie om hom daarbo te kom besoek nie. Ek ken nie een enkele Masai wat ooit, soos ek, die hoë berg bestyg het nie. So

'n vreemde begeerte sou ongetwyfeld met sy tradisies bots. Hy soek nie na Njaro nie, maar hy soek na God in die hoogte. Trouens, God het aan hulle voorvaders ook op hoë berge verskyn. Dit glo hulle vas. Ook hulle slaan, soos koning Dawid, hulle oë op na die berge. Dan dink hulle ernstig aan God of Mungo of Lengaï. Uit heilige eerbied, net soos die Hebreër, neem hulle ook nooit die allerheiligste naam van God op hulle lippe nie. Of hulle 'n besondere naam vir God het, weet ek nie, want hulle mag die naam mos nie uitspreek nie. Hulle gebruik egter God se naam oorvloedig in ander volke se taal sonder enige gewetenswroeging. Gedurende die Duitse bewind het hulle die word Gott geken. Onder die Engelse was die word God onder hulle gangbaar. In Swahili woord "Mungo" (God) tydig en ontydig deur hulle aangewend. Dit geld natuurlik

alleen as die Masai met Duitsers of Engelse moet kommunikeer ten opsigte van die toevallige gebruik van die Here se naam in Duits of Engels. In sy eie volkstaal besig hy die woord "Lengaï" met vrymoedigheid wanneer ek en hy na God verwys. Daarvoor het die Masai 'n goeie verskoning, want Lengaï beteken eintlik die "Ander Een". Deur van Lengaï — die "Ander Een" — te praat, omseil die Masai dus behendig die godsnaam. By die Masai is dit altyd die "Ander Een en ek". Hierin lê 'n geweldige diep sielkundige en filosofiese waarheid verborge. Per slot van rekening wentel elke mens se lewe en godsdiens om sy eie eensame self en die Ander Een alleen, of hy dit wil erken of nie. Dat ek die verhewe misterie in die eerste instansie by die Masai moes aanvoel, het my diepe bepeinsing besorg. Of die Masai dit presies so besef, is



**Gereed vir bergklim**

te betwyfel, maar sy geloof is in ieder geval intiem en waarlik erg kinderlik. Dit kom eintlik na vore ten tye van krisis en groot gemeenskaplike nood wanneer die vroue – fontein van die aardse lewe – gans begeestig dinge sê en doen op dramatiese en luide, seremoniële wyse. Dit huil en skree en skop stof, en grond en as bedek die hoof.

Die Masai glo in die teken van die besnydenis wat, eienaardig genoeg, die Masai vrou insluit voor haar moontlike huwelik. Ek is by die oudstes buite en wag op die teken van die moeder van so 'n dogter om ons binne te nooi om die geleentheid feestelik te vier met houers bier. Dis 'n dag na die besnydenis. Ons kruip by die lae ingang van die betrokke hut van die Masai gesin in en elkeen word mildelik met bier gestook. Almal is saam met die ouers jolig. Ek ken die

### Bismarck hut



volvasse dogter wat daar toegedek op en onder velle lê. Sy glimlag met inspanning. Ek is altyd bevrees bloedvergiftiging en die dood kan toeslaan, en lê my hand op haar voorkop as seëngebaar. Haar liggaam brand soos vuur en sy moet baie siek voel. Ek maak of ek nie beangs is nie en drink my bier met 'n skietgebed tot die Ander Een om genade.

Dis droog en die reën bly weg. Ons oudstes gaan buite sit en bier drink. Spoedig gesels ons oor die vee wat begin verswak en ly. Die beeste wat die Masai so lief het, is sy lewe. In die begin het Lengaï beeste aan die Masai gegee om op te pas. Hy is God se veewagter. Hy pas die diere goed op, maar Lengaï moet sorg vir water, reën en gras. Daarsonder volg die dood. Daarom is gras en reën vir die Masai ook Lengaï. Dit mag nie vir 'n Christen snaaks klink nie. By ons is God dan onder meer Lig

en Lewe. By die Masai is Lengaï 'n persoon wat oral kan sien en hoor wat gebeur. 'n Paar dae na die bierdrinkery is Lekoenga, my ryk buurman, by ons in die tent. Ons skuil teen die reën wat soos emmersvol water uit die hemel neerstort. Die vlakte is daar so gelyk soos 'n speel en die water kan, gelukkig vir die weiveld, nie wegloei nie. Die bodem is bedek met polle-polle voedingsryke gras. Later is die polle toe onder die water en dit giet nog steeds. Nog later stoot die water by die tent in; en ons huis se dak is nog nie op nie. Ons hardloop deur die enkeldiep water om skuiling te soek in die kombi. Maar ons is so opgewonde dat ons luid en aanhouwend jubel en praat oor die gietende storm. Lekoenga sit egter dikbek met 'n strak gesig en sê nie 'n dooie woord nie. Dis eienaardig, maar ons vermoed glad geen onraad nie. Skielik spreek hy ons sterk aan en sê ons moet

Die eerste groep klimmers



Draers in die 1930s



basta so jubel en blymoedig gesels, want netnou hoor en sien Lengaï dat ons uitgelate bly is en begin hy dink ons is tevrede. Dan laat hy die reën ophou. Ons gesigte het toe ook plotseling stuurs geraak. So het ons Lengaï mooitjies om die bos gelei en hy het vir dae en dae laat reën en reën. Toe ons later by Le-koenga se kraal aandoen, lag hy van oor tot oor en prys die Here. Hy het ook bevel gegee dat al die vroue en kinders, sowel as al sy klomp skoonouers en besoekers, moet feesvier en dans. Die droogte was verby. Melk en bier en vet skaapvleis was volop, en beesbloed ook. Die Masai se beeste word gereeld bloedgelaat. Bloed vorm 'n deel van sy voedsel.

Die enigste aktiewe vulkaan wat ek in Oos-Afrika bestyg het, ontbrand so elke een of twee dekades. Honderde kilometer daarvandaan kan 'n mens snags die bloedrooi flitse soos swaarweerblitse die hemel sien inklief uit die kokende vul-

kaankrater met sy gloeiende stroom lawa wat na die nabyleeë sodameer toe vloeи, heel angswakkend en dreigend. Dan stuur die Masai lewende slagoffers teen die berg uit ten einde Lengaï oor hulle volksondes tot versoening en bedaring te beweeg.

Weerlose vroue en kinders met belaaide donkies strompel dan die berg uit, waar gras hoog groei en daar geen lewe is nie. Want daar is geen water, buiten kristalhelder springfonteintjies wat so brak is soos die Dooie See en totaal onbruikbaar. Ek onthou nog die skok toe ek vol vreugde kniel om my dors te les en terugsteier weens die soutstding wat ek ooit in my ganse lewe geproe het. Die safari-soenoffers keer nooit weer terug nie. Waar normaalweg nooit eens 'n voëltjie te sien is nie, kan nikis lewe sonder water nie. Die soenoffers sterf weens dors, uit-

putting en ontwatering voordat een van hulle ooit die gloeiende kraterwal bereik. Die lug word ook verstikkend as gevolg van die rook en as wat uit die vurige vulkaanwolke aarde toe stuif. Trouens, die Masai verskuif onmiddelik met alles wat hy besit kilometers verder van die berg af, want die vulkaanas gaan lê dik oor die weivelde wat baie later, na afspoeling deur swaar reënbuie, opnuut bewei kan word waar dit nie reeds deur brande verwoes is nie. Die vee bewei buitendien die geweldige hoë en stokkerige gras teen die ongemaklike steil berg nooit nie. Omdat die realistiese Masai Lengai se kastydende hand in die klein maar magtige, vingeralleen berg duidelik gewaar, noem hy hom Oldonyo Lengaï of die berg van God. Die Masai ken die Swahili woord "kilima" goed, maar in sy eie gebied praat hy van 'n berg met sy eie word — Oldonyo. Die Masai is taalbewus, talvas en baie trots, soos die dapper Batawe van die Laaglande gedurende ons eerste eeu van die Christelike jaartelling.

Die Masai glo met trots net in sy eiendomlike besit. Hy vermeng met geen ander nasie of kultuur nie. Hy beoefen die besnydenis maar nie op babas of jong kinders nie. Hy het sy minderheid "Fariseërs" wat in ons taal in die opstanding glo en sy

meerderheid "Sadduseërs wat nie daarin deel of glo nie. Maar anders as by die Hebreër is dit nie die adel nie, maar die plebs, wat die Sadduseërs is.

In die ou tyd het die Masai tydens plaaslike vyandighede met buurstamme alle manlike vyande uitgewis, maar die mooiste en welgeskape vroumense as buit geroof, en tuis ten huwelik uitgegee na hulle as hubare en rasegte Masai's ingelyf is. Gewone ondertrouery was uit die bose.

Nog die Duitse nog die Engelse beskawing of hulle vroomste sendelinge kon die Masai se leefwyse verander. Die Masai is verbasend lief vir alle soorte medisyne – pille, salwe en drinkgoed – en enige sendeling se gratis vooraad is altyd meer as welkom, maar vir sy geestelike medisyne het hulle geen tyd of oor gehad nie. Ek het geen Masai geken wat Christen of Mohammedaan geword het nie.

Die Masai het 'n hoë IK en ek het van een gehoor wat, seker van staatsweë opgelei, na 'n Britse universiteit gestuur is en met 'n meestergraad teruggekeer het huis toe. Daar het hy dadelik sy Europese mondering onmiddellik verruil vir die leefstyl waarmee hy grootgeword het. Wyle dr R. Reuch, my lewenslange vriend, wat as Lutherse sendeling onder andere ook onder die Wameru

gearbei het, het soms met sy vragmotor, belaai met medisyne, Masaikrale tot diep in Masailand gaan besoek om hulle, sonder sigbare sukses, te bearbei. Die medisyne was maar sy gebruiklike lokaas om kontak te vorm. Voor al die Masai's wat altyd by so 'n geleentheid spraaksam saamdrom, daag die MA geleerde dr Reuch tromp op uit en sê brutal – dis nou onder oorsese invloed: "Ek gee jou God net drie minute tyd om my hier plat te slaan, anders bestaan hy nie en trap jy hier weg."

### **Dr Reuch was 'n dapper klein mannetjie maar is uit die veld geslaan deur die reus van 'n Masai.**

Maar voordat Reuch nog kon antwoord, spring die Wameru ouerling vorentoe en skel: "Ek sal nie nog wag vir God se engele om jou plat te moker nie. Ek sal sommer die ou sakie self hier afhandel." Met een kragtige vuishou moker hy die MA plat en pootuit. "Glo julle nou in God?" roep hy uit. Die Masai's kraai soos hulle lag en spot. "Gooi hom vir die 'shatani', " skree die mokerhouslaner, en die Masai's sleep hom weg.

Die Masai sal sy lewe gee vir 'n knippie snuif. Maar geen tabak-

blaar het nog ooit sterk genoeg snuif gelewer wat 'n Masaineus of kies bevredig het nie. Ek het moeg geword vir die gesanik om sterker snuif en toe 'n fynge- maalde, gedroogde knippie rissies en fyn peper by die snuif gevoeg. Ek het die mengsel eers self beproef en dit was soos vuur in my neus. Opreg, soos 'n Langenhoven se prokureur, hou ek my wonderskstrak vir my kritiese Masaineuse om te snuif. 'n Niesepidemie bars los en die oë water dat die vlieë padgee. Ek staan krom soos ek ook maksimumskote nies en na asem soek. Masailand is in beroering, want al wat leef en adem heef proes en nies dat die berge antwoord gee. Het ek die dosis veels te sterk gemeng? Ek begin die woordryke reaksies vrees. Maar met huilende fonteinoë en trane wat oor die wange stroom, kom die eerstes wat asem skep na my toe en lag begeestig. Die snuif is "kali" (sterk). Maar hulle wil meer hê. Ek moet baie van hierdie geweldige sterk snuif bring. Ek belowe dat dit sal geskied, maar dis "ulaya" (oorsese) snuif. En baie volmane moet op- en ondergaan voordat ons 'n nuwe voorraad kan verwag. Hoe dit sy, vir die eerste maal in my lewe het ek waarlik vergenoegde Masais gesien.

Die Masai skinder nie van ander Masais nie en die polisie en speurders staan altyd magteloos



**'n Gids op Kilimanjaro**


voor geslote lippe. Hy praat net as jy hom met die voldonge waarheid konfronteer en hy dit ook so insien. Tog vertel Willie de Beer my die vrouens skinder soms van mekaar, seker maar uit jaloesie. Maar waaroor kan een Masaidame nou oor 'n ander skinder? Hulle strooise is almal eenders. Al die gebreide velle lyk dieselfde. Almal sit op die grond en eet met die hand. En hulle is almal ook ander mans se slaapge-sellinne. Dis iets heel natuurliks by die nasie, veral as die mans ander kraale besoek of besoek ontvang. Die mans stap ure en dae ver om gewigtige sakebesoeke af te lê en word met oop arms ontvang. Wat nie as immoreel gereken word nie, sal ook nie oor geskinder word nie. Ek sê toe vir Willie: "Kyk man, ek kan aan nik op dees aarde dink waарoor 'n Masaivrou kan kwaadsteek nie." Nou woon hulle in die

blakende hitte van die tropiese son sonder moderne koelkaste, en hulle bewaar hulle kosbare koeimelk in groot, lang kalbasse. Die vars melk word spoedig dik en suur. Dis natuurlik en almal daar hou van melk of vars of suur, maar ou melk gee later aan die kalbas 'n reuk af en die kalbasse moet gedurig gereinig word. As 'n slagoffer haar kom kry, lê die storie die wêreld vol dat haar kalbasse stink. Dis 'n doodsonde en ook gruwelike laster. Jou goeie naam, jou hoë reputasie, is meteen daarmee heen. En wat meer is — die skinderbek en napraters is oombliklik morsdood. As die verontwaardigde oudstes begin soek na die skinderbekke, weet die sondaresse skielik van geen sout of water nie. Ja die duiwel loop met sagte tred ook in Masai kraale rond en dra geen kraakskoene nie. Hoe dit sy, die shatini of duiwel is bomenslik subtel: Wie sou nou ooit gedink het aan stink kalbashouers? Nouja, die ganse kraal se goeie reputasie was by baie kraale ook op die spel, en toe die oudstes, manne en vroue, begin ondersoek instel, het al wat leef en adem heef al hulle kalbasse na die naaste water kilometres daarvandaan geneem en die groot spoel-en-skropproses het begin. Die leë, droë kalbashouers is deeglik met die skerp rook van brandende plante, alleen aan die Masai bekend, van

binne en buite behandel. Kyk, 'n Masai vrou is baie verdraagsaam, maar van onnetheid moet niemand haar beskuldig nie, want dan is daar pêre. ✎



**'n Duitse meisie wat ook geklim het.**



**Dr Hennie Piterse op Kilimanjaro, in kortmoue.**

## KENYA: WE WERE MEANT TO BE BORN

By Rina De Klerk-Weyer. 2020

**M**y father, Hennie Willemse, and my mother, Marthina Booyens, got married in Eldoret, Kenya, on the 12th of December 1953. This is their story.

**It all started when my maternal grandfather, Willie Booyens, decided to move with his family to Kenia.**


My mother and father knew each other since primary school, and my dad always said that he knew she was ‘the one’. When her father moved to Kenya, taking his family with him, my father decided that he missed her too much. He followed her to Kenya. They got married in December and in January he was called to serve in the army against the Mau Mau. In that time that he had an experience that had a deep impact on him, and he often told us the story. It was the practice in the army, in order to trap the Mau Mau, to send soldiers from one side of a wooded area to chase them out. Another section of soldiers waited on the other side, to serve as “stops” when they rushed out. (I know this practice seems hard to comprehend; we need to see it in terms of the specific time and circumstances).

**Once, when my father and other soldiers went into the forest, the soldiers waiting on the other side heard a noise. They started shooting.**

Once, when my father and other soldiers went into the forest, the soldiers waiting on the other side heard a noise. They started shooting. My father ducked behind a tree, and that tree that saved his



The Booyens family



life. He sent up a flare to tell the stops to cease firing. Later they found many bullet holes on the opposite side of the tree. Hence my initial statement: We were meant to be born.

Therefore Kenya will always have a special place in the my parents' four daughters hearts. Just before my dad died in 2016, one of the most precious things he shared was how thankful he was that God had saved him that day in Kenya. 



Mau Mau weapons




Moustaches!



At the Equator



Some of the soldiers



Thomson Falls


Stuck in the mud ...



Soldiers'  
Camp canteen



School function at Van Riebeeckskool, Thomson Falls



More moustaches ...

## KENIA GET-TOGETHER 2019 KENYA SAAMTREK

